19.14 RAPPORT 6: DEPUTATE JEUGSORG – MULTIKULTURELE AARD VAN DIE GKSA JEUG (Art 169)

A. Ds HC van Rooy lewer die Rapport.
B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. **RAPPORT**

1. Opdrag

Acta 2009:333, 4.2 (gekontinueer Acta 2012:247,3.1): Die Deputate hou rekening met die multikulturele aard van die jeug in die GKSA in al sy opdragte.

Besluit: Kennis geneem.

2. Uitvoering van opdrag

2.1 *Sake waarvan die Sinode kennis neem*

2.1.1 Die Deputate Jeugsorg hou, in al sy beplanninge, rekening met die multikulturele aard van die GKSA jeug – veral t.o.v. Engelse literatuur, aktuele temas, bekendstelling van aksies via sosiale media ens. Tog was daar nog nie genoegsaam skakeling bewerk tussen die verskillende kulture nie.

2.1.2 Die swart kerke in die GKSA het ‘n jeugbeweging, genaamd *Reformed Church Youth Movement* (RCYM) wat reeds in 1993 gestig is om alle Gereformeerde jeug te bedien.

2.1.2.1 Feitlik al die swart kerke is betrokke by die RCYM en word betrek op ‘n provinsiale basis by gereelde konferensies.

2.1.2.2 Vir 2015 word ‘n Nasionale Jeugkonferensie beplan om die 21ste bestaansjaar te vier.

2.1.2.3 Hoewel van ons Jeugdeputate uit die swart kerke betrokke is by die RCYM, was daar nog nie formele skakeling nie. Di Charl van Rooy en George Mduli (GKSA Deputate Jeugsorg) is uitgenooi na ‘n beplanningsvergadering op 5 Julie 2014 om bande met hierdie jeugbeweging te smee.

2.1.3 <u>Crossroad</u>

2.1.3.1 In die verlede is van die jeug uit die swart kerke (veral teologiese studente) op die redaksie van *Kruispad*-tydskrif gekoöpteer om kultuur-eie artikels te skryf (gewoonlik twee bladsye in die tydskrif was sodanige Engelse artikels).

2.1.3.2 Deputate Jeugsorg het gedurende 2013 ‘n splinternuwe Engelse tydskrif, nl *Crossroad,* die lig laat sien – spesifiek gefokus op hierdie lesersmark.

2.1.3.2.1 Die tydskrif word gratis digitaal versprei of kan gekoop word teen R10 per harde kopie (‘n swart en wit afgerolde tydskrif).

2.1.3.2.2 In 2013 het reeds twee uitgawes verskyn en twee uitgawes word vir 2014 beplan. Ons maak tans van vertalings gebruik, maar is besig om Engelse skrywers te werf.

Besluit: Punte 2.1 tot 2.1.3.2.2 kennis geneem.

3. Sake waaroor die Sinode besluit

3.1 Dat bogenoemde inisiatiewe (genoem in 2.1.2 en 2.1.3) gekontinueer word deur die te benoeme Deputate, bo en behalwe die algemene opdrag om rekening te hou met die multikulturele aard van die GKSA jeug.

Besluit: Goedgekeur.